JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 10

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

Junie 2015

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 11 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees hierdie instruksies noukeurig deur voordat jy begin om vrae te beantwoord .

2. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy sodat jy kan sien op watter bladsye die vrae is wat jy moet beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :
   AFDELING A: Kortverhale
   AFDELING B: Poësie

4. Beantwoord AL TWEE afdelings.

   AFDELING A: Kortverhale
   Beantwoord die vrae van BEIDE kortverhale.

   AFDELING B: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae van BEIDE gedigte.

5. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Voorgestelde tyd: ongeveer 60 minute vir elke afdeling.

10. Skryf netjies en leesbaar.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2

AFDELING A: KORTVERHALE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die kortverhale.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1.	**Ek is jammer**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**4**
EN				
2.	**'n Man kom tuis**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**6**
EN				
AFDELING A: GEDIGTE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die gedigte.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
3.	**Ek is oek important**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**8**
EN				
4.	**Hansie en Grietjie**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**10**

Kontrolelys				
Afdeling		**Aantal Vrae**	**Aantal Beantwoord**	**Merk**
A.	**Kortverhale**	**2**	**2**	
B.	**Gedigte**	**2**	**2**	

AFDELING A: KORTVERHALE

VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

Ek is jammer – E. K. M. Dido

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Mike se gesig is bleek. Sy onderlip bewe. Hy kyk sy jare lange vriend vas in die oë.
"Ek sê dat dit my skuld is dat Dingo nie meer vandag hier is nie. Regtig. Ek is vandag hier om vir hom te sê dat ek gaan praat. Ek kan nie meer stilbly nie! Alles moet uit en dan kan daar maar kom wat wil! Ek kan nie meer nie, Charlie! Ek weet dat die hele gemeenskap dink dat jy die sondaar is, maar almal is verkeerd. Dit was ek!"
Charlie skud sy kop vinnig heen en weer nes iemand wat hare gewas het, en van die oortollige water ontslae wil raak. Sy oë nog steeds op sy maat gerig. "Huh? Voel jy siek?" vra hy verward.
"Ek makeer niks, net baie moeg van die geheim wat nou te swaar vir my geraak het om verder rond te dra." Hy bly stil, tel 'n blommekrans op en hou dit met albei hande styf teen sy bors vas. "Onthou jy," begin hy weer, "daai aand met die dans het ek en Dingo die *hits* gevat? Behalwe vir my oë wat so groot soos pierings geraak het, was daar verder niks fout met my nie. Met Dingo was daar groot fout. Maar dit sou jy nie weet nie, want jy is weg om te gaan dans. Nee, ek blameer jou nie," las hy vinnig by toe Charlie se kop opruk.

1.1. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (1.1.1. – 1.1.3.) en die antwoord neer.

Mike sê dit is sy skuld at Dingo dood is omdat Dingo net na hulle die dwelms gevat het gesê het dat hy 1.1.1. (fantasties voel/nie lekker voel nie) en wou 1.1.2. (huis toe gaan/verder gaan dans) en hy het die heeltyd na sy 1.1.3. (meisie/ma) geroep. Mike het hom daar gelos omdat 1.1.4. (nog dwelms gaan soek het/bang vir sy pa was). 4

1.2. Wat is tik-tik? 1

1.3. Hoe oud was Dingo was toe hy dood gegaan het? 1

1.4. En net toe ek dink ek kan nie meer 'n oomblik langer na hulle luister nie, het een van hulle gesê dat jy-weet-wat ons kan hoor al is hulle nie meer met ons nie."

1.4.1. Wie of wat is die "jy-weet-wat" waarna Charlie verwys? 1

1.4.2. Hoekom dink jy verwys Charlie so daarna en noem dit nie op die naam nie? 1

1.5. Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (1.5.1–1.5.4) en die antwoord neer.

tannie oom grootmens kind skool huis vakansiedag vry periode inkopiesakke skooltasse

Kom ons stap aan voor die laaste 1.5.1. (…) al in die township is en die 1.5.2. (…) uitvind dat ek nie heeldag by die 1.5.3. (…) was nie. Sien jou volgende keer as ons 'n 1.5.4. (…) het, bra Dingo," gesels hy en slinger een van die 1.5.5. (…) oor sy skouer. 5

1.6. Wie, behlawe Mike en Charlie, mis Dingo ook? Noem die twee groepe. 2

1.7. Wat behalwe dwelms het Charlie ook gelos? 1

1.8. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.8.) en die letter (A – D) neer.

Mike se pa het gedink hy het na die … toe gegaan die aand toe Dingo dood is.

A skooldans
B jeugbiduur.
C biblioteek
D Hospital 1

1.9. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.9.) en die letter (A – D) neer.

Die tema van die kortverhaal is…

A enige assosiasie met dwelms lei tot die dood.
B 'n mens moet jou ouers respekteer en na hulle luister.
D jy moet altyd alles doen wat jou vriende doe nom in te wees.
C 'n mens moet nie na skooldanse toe gaan nie wat daar is dwelms. 1

[18]

EN

AFDELING A - KORTVERHALE

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

'n Man kom tuis – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die nomadiese kamplewe bodder hom ook nie.

"Ag, dis partykeer ongerieflik," gee hy teensinnig toe, "maar daar is baie voordele. Jy kry die wêreld gesien. O, jy ken die wêreld later soos die palm van jou hand. Noem maar 'n plek en ek was door. Suidwes, Transvaal, die Vrystaat, Natal, die Kolonie. Nee, ek ken die wêreld. En saans as jy daar by die vuur sit en jy kyk na die sterre oor jou kop, dan het jy vrede in jou hart."

Dit word vir my duidelik, terwyl hy gesels; hierdie man sal jy nie maklik onderkry nie. Hy het vir homself 'n klompie antwoorde uitgewerk. Vir elke terugslag in sy lewe bet hy tot dusver 'n teenmaneuver bedink, vir elke ongerief 'n kompenserende argument, vir elke ontbering 'n genadetjie.

Nou hoekom, wonder ek in die ry, kry ons dit nie almal reg nie? Vir die meeste van ons sou 'n lewe soos syne onuitstaanbaar gewees het, maar hy loop oor van dankbare entoesiasme.
Iets wou kom fluister: ja, maar die eenvoudiges van gees ...
Dit was geen troos nie. Dit het skielik vir my verwaand gelyk om die man wat die lewe soveel beter onder die knie gekry het as die meeste van ons, sommer net so as 'n eenvoudige van gees af te skryf.

Die son was aan die sak toe ons die dorp nader waar hy moes afklim.

2.1. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (2.1.1. – 2.1.3.) en die antwoord neer.

"Ons is besig met die pad 2.1.1. (Wilgespruit/Skurweberg) toe. Nou staan ek in 'n tent. Sien ek die familie so 2.1.2. (een keer 'n maand vir 'n naweek/een keer elke twee weke vir 'n naweek). Ek vlieg 2.1.3. (Vrydagmôre/Saterdagmore) hier weg, dan kom ek voor aandete daar as ek gelukkig is." 3

2.2. Wat sê Gouws is die verskil tussen home n 'n rivier met betrekking tot die maak van 'n pad. Noem twee feite. 2

2.3. Gouws se huis in een duisend kilometer van waar hy besig is om 'n pad te maak.

Is die bogenoemde stelling waar of onwaar en gee 'n rede vir jou antwoord. 1

2.4. Vul die ontbrekende woorde in. Skryf net die vraagnommer (2.4.1. – 2.4.2.) en die antwoorde neer.

Gouws se eerste vrou en twee kinders is 2.4.1. (tien/vyf) jaar tevore in ‘n 2.4.2. (vliegtuigongeluk/motorongeluk) oorlede. 2

2.5. Pas Kolom A by Kolom B met betrekking tot Gouws se kinders. Skryf net die vraagnommer (2.5.1. – 2.5.4) en die letter (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
2.5.1.	Gawie.	A	Een van 'n tweeling.
2.5.2.	Sienie.	B	Die slimkop.
2.5.3.	Andries.	C	Die jongste, drie jaar oud.
2.5.4.	Petrus.	D	Tien jaar oud en in stander twee.
		E	Nege jaar oud en in standard een.

4

2.6. Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot wat die bestuurder gesien het toe Gouws bo in die straat aangekom waar sy huis is:

2.6.1. Wie het hom eerste gesien? 1

2.6.2. Wie van die vyf kinders was eerste by Gouws? 1

2.6.3. Wat het die familie gedoen om te wys hulle was bly om Gouws te sien? 1

2.7. Wat het Gouws vir sy vrou gekoop? 1

2.8. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.8.) en die letter (A – D) neer.

Die hooftema van die kortverhaal is…

A As jy wil geld vredien moet jy soms ver van die huis af werk.
B Dit is baie hartseer as ‘n mens jou hele gesin verloor in ‘n ongeluk.
C As jy aaie bou dan doen jy ‘n belangrike werk vir die gemeenskap.
D ‘n Man wat ‘n terugslag gehad het se positiewe uitkyk op die lewe. 1

[17]

TOTAAL AFDELING A 35

EN

AFDELING B: GEDIGTE

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

***Ek is oek important* – Peter Snyders**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Ek is oek important

As al julle geldgatte
Julle geld gespendit,
en julle bananaskille
innie slootjie gegooi het
en julle bustikkits
soes confetti rongestrooi het,
en julle staain en cool drinks
Opgedrink het
en julle borrels en blikkies
in 'n gangetjie gesit het,
en julle visgraatbolle
en vrot vrugte
en stukkende boksies
en papiere
r o n d g e s t r o o i h e t

dan kom ek
en makie wêreld weer skoon :
Soe,
ek is oek important

Peter Snyders

3.1. Wie is die "geldgatte" waarna vewrys word in reël 1? 1

3.2. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.2.1.-3.2.4.) en die antwoord neer.

Die herhaling van die "g" klank in reëls 1 en 2 aan die begin van die gedig staan bekend as 3.2.1. (assonansie/alliterasie) en die funksie daarvan is om te beklemtoon hoe 3.2.2. (baie/min) die straatveër dink van mense wat rommel strooi.

Soos die rommel ophoop is daar 'n enkele voegwoord wat die gebeure aanmekaar skakel. Die voegwoord is 3.2.3. (dan/en). Die stylfiguur waar daar baie voegwoorde gebruik word, word 3.2.4. (asidenton/polisidenton) genoem. 4

3.3. Noem een soort drankie wat hierdie mense gedrink het. 1

3.4. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.4.) en die letter (A – D) neer.

Die herhaling van “julle” deur die hele gedig wys dat die straatveër…

A die mense goed ken.
B jammer voel vir die mense.
C nie deel van die mense is nie.
D jaloers is omdat die mense geld het. 1

.

3.5. Pas die rommel in Kolom A by die plekke waar dit weggegooi word in Kolom B. Skryf slegs die vraagnommer (3.5.1.-3.5.3.) en die letter (A-D) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.5.1.	Piesangskille	A	Sit dit in ’n gangetjie.
3.5.2.	Papiere	B	Gooi dit in die asblik.
3.5.3.	Bottels en blikkies	C	Word orals gegooi.
		D	Gooi dit in ’n sloot.

3

3.6. “rondgegooi” in reël 15 is anders geskryf as die res van die gedig se woorde.

3.6.1. Wat is die funksie hiervan? 1

3.6.2. As daar net een woord in ‘n versreël is staan dit bekens as (alleenplasing/metonimia). 1

3.7. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.7.1.-3.7.2.) en die antwoord neer.

Die spreker sê die buskaartjies word soos 3.7.1. (confetti/sand) rongestrooi en dit staan bekend as 3.7.2. (personifikasie/vergelyking). 2

3.8. Hoe verskil die verteller in hierdie gedig van die “ge|dgatte" in strofe 1? 1

3.9. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.9.) en die letter (A – D) neer.

Staain is…

A Whisky.
B wit wyn.
C wit spiritus.
D brandewyn. 1

3.10. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.10.) en die letter (A – D) neer.

Visgraatbolle is …

A vis wat in bolletjies deeg gerol is.
B vis en skyfies in een hoop op 'n bord.
C visgrate in papier opgerol om weggegooi te word.
D visgrate en oorskiet skyfies wat in bolltjies gerol is. 1

[17]

EN

AFDELING B: Gedigte

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***Hansie en Grietjie* – Evelyn Castelyn**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hansie en Grietjie

daar was eendag 'n woud
aan die kant van die son,
die maan is 'n flou olielamp,
Saans brand honderde kersies
die volgende môre word die kindertjies
Afgelaai by die heksie se huisie
hulle huil tot vanaand
na-vyf, na werk kom die
Stiefmammies en –pappies hulle haal
met 'n ysterswaan
die nuutste model blaas rook
en jaag oor riviere teer
tot by kelders parkering
Dan word hulle opgehys
Gebad en gevoer in 'n hok
Moet hulle soet gaan slaap
Eennag, het hansie en grietjie
Weggeloop, bo-oor die tralies geklim
en fyn en flenters geval
op die paadjies sement
ver van die huis af

Evelyn Castelyn

4.1. Waarna verwys die “woud” in reël 1? 1

4.2. Waar is die woud geleë? 1

4.3. Kies telkens die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (4.3.1. – 4.3.3.) en die antwoord neer:

In omtrent die hele gedig loop die een versreël oor in die volgende een sonder enige leestekens en dit staan bekend as 4.3.1. (alliterasie / enjambement) en die twee funskies daarvan is om om die tempo 4.3.2. (vinniger / stadiger) te maak en te beklemtoon dat werkende ouers altyd 4.3.3.(haastig / geduldig) is. 3

4.4. Waarna verwys die honderde kersies van die stad? 1

4.5. Die kinders gaan nie vrywillig na die heks se huisie toe nie. Haal een woord aan as bewys. 1

4.6. Wat is die konnotatiewe / figuurlike betekenis van die woord “ysterswaan” in reël 10. 1

4.7. Hoe weet jy dat die kinders fisies versorg word? Gee twee woorde. 2

4.8. Watter twee woorde in die gedig kan dalk na ’n beperkte ruimte verwys (tronk)? 2

4.9. Daar is talle tydsverwysings in die gedig. Hiervolgens kan die gedig in vier dele verdeel word. Noem die vier dele. 4

4.10. Watter reël wys op die lugbesoedeling as gevolg van motors se uitlaatgasse? Skryf die hele reël oor in jou antwoordboek. 1

4.11. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.11.) en die letter (A – D) neer.

Wat is die tema van hierdie gedig?

A Kinders hou nie van nuwe mooi motors nie.
B Stiefouers is soms lelik met die stiefkinders.
C Sommige kinders word sonder warmte en liefde groot.
D Bewaarskole is nie goed nie want kinders word daar mishandel. 1

[18]

TOTAAL AFDELING B 35

VRAESTEL TOTAAL 70